# GESKIEDENIS IN EN OM FOCHVILLE

Fochville, voorheen 'n onbeduidende stippeltjie op die landkaart, so klein dat menige reisiger deur hom gereis het, en dan by die laaste huis gevra het, of hulle hom kan sê waar Fochville is, is vandag 'n moderne dorp wat teen 'n groot tempo uitbrei.

Danksy die spore van Voortrekkerwaens wat die pad hierlangs na die Noorde oopgetrap het, het die dorp tot stand gekom.

Sonder 'n anker van geloof is enige gemeenskap soos 'n skip sonder 'n roer. Die kerk is die vaste Fondament waarop die groei en bloei van 'n vooruitstrewende dorp moet rus. So is dit die geval van Fochville, 'n dorp wat gegroei het deur geloof. Die eerste dienste was gehou in 'n sink- en houtsaal. 'n Sierlike kerkgebou is later opgerig deur die eerste predikant ds. P.J. Smit, wat in 1938 ingewy is.


In 1920 is 'n gesondheidskomitee vir die pasgestigte dorpie gekies. Op 1 Augustus 1951 is die status van die dorp verhoog na die van 'n Dorpsraad. Die voorsitter was dr. P.J. Roux. Op 19 Oktober 1966 is die status van die dorp andermaal verhoog na die van 'n Stadsraad. Die burgemeester was mnr. J.A. de Lange.


'n Sekere mnre. Wulfsohn en Horwitz het 'n idee gekry dat in hierdie omgewing 'n dorp gestig moet word omdat dit strategies geleë is en dus die middelpunt sal vorm van omliggende dorpe soos Potchefstroom, Parys ens. Die dorp is ook geleë langs 'n spruit sodat 'n opgaardam gebou kon word om die dorp van water te voorsien. Genoemde here het die boere en belanghebbendes van die omgewing opgeroep na 'n vergadering om die aangeleentheid te bespreek. Die eerste vergadering was gehou onder 'n Wilgerboom op die plaas Leeuwspruit. Vooraanstaande boere van die omgewing het aan die besprekings deelgeneem. Die naam Fochville is ter ere aan 'n beroemde Franse generaal, generaal Foch.


Die dorp het 'n roemryke geskiedkundige agtergrond, die bakens en gedenktekens waarvan met trots gesien en besoek kan word. In die reeks rante tussen Losberg en Gatsrand kan die oorblyfsels van ou Matabele krale gesien word. 'n Dapper onvergeetlike Boereverkenner, Danie Theron het op Gatsrand gesneuwel. 'n Monument ter ere van hom is opgerig en is 'n bekende baken 6 km noord van Fochville langs die Johannesburg - Potchefstroompad. **(Sien foto nr. 1:** Die gedenkplaat by die Danie Theron Monument, **foto nr. 2:** Die gedenkteken op die presiese plek waar Danie Theron gesterf het).


Op Elandsfontein is die eerste Laerskool, wat vandag nog gebruik word as 'n kerkkampterrein. **(Sien foto nr. 3)**. Die eerste laerskool wat in die dorp opgerig is, word vandag gebruik deur die Stadsraad vir kantoordoeleindes. **(Sien**


















**foto nr. 5**). Daar is ook die gedenkplaat by die Voortrekkerfort waar die Potgieter-trek in 1842 vertoef het, (**Sien foto nr. 6**), asook gedenkteken wat in die middel van die dorp staan, die gedenkteken is opgerig toe die historiese ossewa-trek in 1938 deur Fochville getrek het. (**Sien foto nr. 7**). Die eerste Stadsraadkantoor word vandag nog gebruik deur die Stadsraad. (**Sien foto nr. 4**).

Deur die groei van die dorp het die skool ook vinnig gegroei. Die plaasskole te Rietfontein en Losberg is toe gesentraliseer in die dorp. Met die vinnige ontwikkeling van die mynbedryf in die omgewing, het die behoefte aan 'n hoërskool al hoe dringender geword. In Januarie 1968 is die skool geopen. 'n Tweede laerskool word binnekort gebou en die hoërskool bars uit sy nate.

Hier bestaan ook Voortrekkerkommando's, 'n Kultuurvereniging en 'n plaaslike tak van Rapportryerskorps, die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, en die Vroue Landbou-unie, wat ook in die beginstadium bygedra het tot die ontstaan van 'n hospitaal. Daar is ook 'n Boerevereniging, en vir die bejaardes is daar ook 'n vereniging.

Op die omliggende plase woon nog die nakomelinge van die ou boerefamilies.

Die dorp spog ook met 'n netjiese dorpswapen met die leuse: "In Herinnering en Hoop".